### *Helena word die vrou van Mathael*

**119** Ouran bedank My en Cyrenius baie hartlik en ook **Helena**, wat daarop egter vra: "Maar my vader het geen manlike nakomeling nie! Wie sal hom opvolg om te regeer?"

[2] **Ek** sê: "Maar allerliefste Helena, het Ek julle dan nie `n buitengewoon wyse nakomeling gegee nie, wat jou vader tot vise-koning benoem het!? Is hy nie na jou sin nie?"

[3] **Helena** antwoord byna huilend van vreugde: "Natuurlik is hy na ons sin! Maar ek moes dit tog vra om met sekerheid U wil, wat vir my alleen gewy is, te verneem! Meester, vergeef my dus as ek U miskien deur die vraag beledig het!"

[4] **Ek** sê: "Moenie jou bekommer nie, want geen mens kan My ooit beledig nie, en jy wel die minste! Maar omdat jy My nou iets gevra het, wat jy heel goed ook sonder om te vra kon weet, daarom vra Ek jou nou ook iets wat Ek sonder meer ook vóór jou antwoord al weet!

[5] Kyk eers na Mathael! Hy is nou deur jou vader benoem tot vise-koning, en as sodanig deur Cyrenius en My bevestig. Hy is `n nog jong man van nouliks agt en twintig jaar, sou jy hom as eggenoot wou hê?"

[6] Ietwat bedeesd slaan Helena nou haar oë neer en sê na `n rukkie: "Maar Meester, voor U is daar tog ook niks veilig nie, al hou jy dit hóé in jou hart verborge! U het in my hart gekyk, en beslis daarin ontdek dat ek Mathael buitengewoon aantreklik vind, en nou het U my verraai, nog voor ek dit eintlik gewil het. Maar omdat my hart nou tog reeds verraai is, kan ek U gewyde vraag nie anders nie as opreg met ja beantwoord. Ek hou heel baie van Mathael, maar dit is natuurlik seer sekerlik die vraag of hy van my hou!"

[7] **Ek** sê aan Mathael: "Vanaf hierdie punt, vriend, kan jy nou rustig verder praat!"

[8] **Mathael** sê: "O Meester, hoog verhewene! U is die grootste in my hart wanneer U so menslik met ons mense praat! Sou ek hierdie reine maagd, wat met haar hele wese U toegeneë is, so intens kan liefhê soos ek U, o Meester, liefhet!? Sy is egter `n verhewe koningsdogter en ek `n arme burgerseun. Ek kom eintlik nie eers uit Jerusalem nie, hierdie groot stad wat honderd poorte het, en meer as tien maal honderdduisend inwoners tel. Ek kom slegs uit die omgewing, en die mense reken my en my familie nog nie eers tot die inwoners van die stad nie! - Daar, daar sit vir my die moeilikheid!"

[9] **Ek** sê: "Wel - wat dan nog? Wie was Dawid dan van huis uit? Wie was Saul? Wie het hulle dan tot konings van Israel gesalf?

[10] As Ek nou met jou doen wat Ek eens met hulle gedoen het, hoe kan jy dan nie van gelyke afkoms wees as Helena nie? Dink jy dan dat Ek nie mag genoeg sou besit om jou direk op die keiserstroon in Rome te stel nie?

[11] Die mag en krag van die een ons hier ten dienste staande aanwesige engel Raphaël ken jy, en elke oomblik staan My duisend legioene van sulke engele ten dienste. Wie sal hom met hulle durf meet?! Raphaël alleen is al voldoende om hierdie aarde in `n oomblik in stof te verander, laat staan `n keiser van Rome te onttroon, en `n ander welgemoed op die troon te stel. Maar so iets gebeur nou nie, hoewel dit My aan mag daartoe nooit sou ontbreek nie, want Ek weet waarom Ek ook die teenswoordige keiser op die troon van Rome laat. Maar op soortgelyke wyse het Ek ook die onbeperkte mag om jou te gee wat Ek wil, en jou te maak tot wat Ek wil; wie sal ons dit betwis?!

[12] Kyk, Elohim se mag gaan verder as die mag van `n aardse koning! Of lê die lewe van `n koning nie ewe goed in My hand as die van `n bedelaar nie? Eén suggie van die wil van My gees, en die hele skepping bestaan nie meer nie! Vriend, bekommer jou dus maar nie! Wat Ek sê, is vir die ewigheid gesê, en waarvoor Ek iemand uitkies, dit is en bly hy onbetwis en onaantasbaar. Ek alleen is die Meester, en doen alles volgens My heeltemal eie liefde en wysheid, en niemand kan met enige reg aan My sê: 'Meester, waarom doen U dit of dat?' nie. Ja, wie My in die liefde van sy hart vra, die sal Ek in sy hart wel `n bevredigende antwoord gee, maar wie met My sou wou redetwis, kry geen antwoord nie, maar slegs `n oordeel! Wees jy dus maar rustig. As Ek jou koning maak, is jy ook werklik `n koning, en wie teen jou te velde sou trek, sal vermorsel word! Neem daarom die hand van Helena en besef dat sy jou liewe vrou is en bly!"

[13] Toe staan **Ouran** op en sê, vervul met groot dank: "O Meester, Ewige Almagtige, hoe sal ek arme, sondige mens my U ook maar enigermate ooit op waardige wyse dankbaar kan betoon? U oorlaai my met die grootste genade en weldade! Wat `n groot en voortdurende sorg het U van my hart afgewentel!

[14] Hoe moeilik is dit vir `n meelewende vader om vir sy enigste, liewe dogter `n man te kies waarvan mens met enige sekerheid vooruit sou kon beweer dat hy vir sy dogter heeltemal deug, en dat sy met hom gelukkig sal wees! Hoe dikwels het ouers in die huwelikstempels geoffer het vir die welsyn van hul gehude dogters, en gedag dat hulle daardeur `n geseënde huwelik sou verkry, maar al te dikwels egter was alle offers verniet! Die huwelike word tog ongelukkig en die getroude dogter word maar al te gou `n egte slavin in plaas van `n vriendin en troue metgesellin van haar man.

[15] Maar hier gebeur wat ek van die oudstes gehoor het, naamlik dat die egte huwelike deur die gode in die hemele gesluit word. Dit spreek vanself dat die onjuiste begrip 'gode' heeltemal weggelaat moet word, want as mens eenmaal die een en alleen ware Elohim gevind het, bestaan die gefantaseerde gode nie meer nie.

[16] Hierdie huwelik is dus hier deur U, o Meester, Self bepaal en bevestig, en ek kan nou met `n geruste hart verwag dat dit ook U seën, o Meester, nie sal ontbeer nie, hoewel dit natuurlik deur die regte navolging van U gewyde wil verdien moet word, omdat dit anders nie gegee sou word nie.

[17] Helena, lieflike dogter, het jy gedag, toe ons ons verre reis begin het, met die doel om die ware wysheid en die onbekende god der aller gode te soek, en dan dit alles aan ons volk te leer, en hulle daardeur so gelukkig moontlik te maak, dat ons beide hier op hierdie verlate, woeste en baie onaansienlike plekkie so onuitspreeklik gelukkig gemaak sou word?

[18] Sien jy, dogter, hoe my spreuk nou klink wat ek jou so dikwels laat hoor het: 'Wie alles wil vind, soek slegs Elohim alleen!' heerlik in vervulling gegaan het! Jy sug toe ons ons stad verlaat met die geheime bedoeling in die hart om nie vroeër terug te gaan as wanneer ons die waarheid en die alleen ware Elohim sou gevind het nie, en jy sê wee-moedig: 'Vader, ons sal ons stad en hierdie mooi land gewis nooit weer sien nie!' En ek sê aan jou: 'Wees gerus, my dogter, ons gaan tog nie op roof uit nie, en ook nie om een van ons bure met oorlog te dreig nie, maar ons gaan om vir ons en ons land die hoogste geluk te soek! Geen god en geen mag ter wêreld kan hierdie plan van ons sleg noem nie!' Toe word jy rustiger en ons gaan vol goeie moed op reis. Maar ek vra jou of jy vanaf daardie oomblik ook maar die geringste vermoede had van al die oorweldigend goeie en die grote geluk wat ons hier gevind het!"

### *Helena se dank en goeie voornemens*

**120** **Helena** sê: "O vader, watter mens sou daar ooit maar die geringste vermoede van gehad kon hê! Bowendien het ons, ondanks al ons verligte opvattinge, nog te veel aan die heidendom vasgesit, en was daardeur nie in staat om so `n suiwer gedagte te kry dat ons met behulp daarvan ook maar `n floue voorstelling kon gevorm het van wat ons hier enkel deur die genade van JaHWeH Elohim direk van Hom Self ontvang het nie!

[2] Ons kan Hom egter ook nou en ewig niks anders daarvoor terugdoen as om Hom sonder ophou bo alles lief te hê nie. En ons onderdane, wat ons broers en susters is, sal ons soos ons eie lewe liefhê deur hulle waaragtig en getrou die Naam van die verhewendste en apartste, enig ware Elohim te verkondig, en hul `n so sorgvuldig moontlike grond-wet te gee, waardeur hulle op die weg van die ware liefde en deemoed gou tot egte, JaHWeH Elohim welgevallige mense word. En Mathael, nou my liefste eggenoot, sal ons saam met sy broers sy sterke arm en sy magtige, wyse hart skenk, en so sal in die Naam van die Meester ons welsyn ook syne, en sy welsyn die welsyn van al ons talle onderdane wees en word.

[3] Dit is alles wat ek hier opreg en waar voor Elohim die Allerheiligste uit die dankbaarste diepte van my nou heeltemal berouvolle hart kan beken. O Meester, wees U, my arme sondares, steeds genadig en barmhartig, want U alleen weet die beste hoeveel aardse lewenslas ek kan verdra! Ek wil nie sonder laste deur hierdie lewe gaan nie, en ek wil dra in eweredigheid met die krag wat U, o Meester, my verleen het, maar Meester, ek smeek U om my nie meer as dit te dra te gee nie!"

[4] **Ek** sê: "My juk is sag en My las is lig, maar af en toe `n bietjie ekstra gewig daarby sal jou nooit skaad nie, maar net van groot voordeel vir jou wees vir siel en gees.

[5] Jou eggenoot Mathael sal jou dit wel op die regte oomblik meedeel watter laste hy gekry het om te dra, om alles wat wêreld heet uit hom te verwyder, sodat sy hart so `n krag kon kry. Wat hy nou het, kan geen mag en geen ewigheid van hom meer afneem nie, maar wat jy nou slegs so van buite af in jou opgeneem het, lyk nog baie na `n saad wat so pas in die aarde gesaai is, en dit moet nog baie deurmaak voordat dit `n ware, geseënde, rype vrug word.

[6] Vrees dus maar nie vir die veelvuldige lewens-laste wat jy hier en daar op jou aardse lewensweg sal ontmoet nie, want Ek sal dit ter versterking van jou siel en jou gees op jou weg bring!

[7] As jy dus so nou en dan iets sal oorkom, bedink dan dat Ek die Een is wat jou so `n versterking laat toekom! Want hoe meer Ek `n mens liefhet, hoe meer sal Ek hom ook versoek. Want elkeen moet netsoos Ek volmaak word, maar daarvoor sal baie selfverloëning, geduld, sagmoedigheid en algehele oorgawe aan My wil nodig wees.

[8] Wie dan egter volkome één word met My wil, sal in sy gees ook so volmaak wees soos Ek Self is, omdat so `n gees daardeur heeltemal één word met My. - Sê My nou eers of julle dit almal wel heeltemal duidelik en goed verstaan!"

[9] **Helena** sê: "O ja, vir sover dit vir `n sterflike mens in sy tydelike, groot beperktheid moontlik is om Elohim se woorde te deurgrond!"

[10] **Ek** sê: "Wel, laat ons dan nou na gedane arbeid bietjie gaan rus! Wie bietjie wil slaap, doen dit; wie egter saam met My wil waak en bid, die waak en bid!"

[11] **Baie** roep daarop: "Meester, ons wil saam met U waak en bid!"

[12] **Ek** sê: "Doen wat julle wil! Julle moet julle egter goed voorberei op die dag van môre, want dit sal `n hete dag word. - (Ek wend My tot Cyrenius: ) Môre sal ook jou broer Cornelius en hoofman Festus hierheen kom om te sien wat hier mag gebeur het. Hulle vermoed nie dat jy hier is nie, en nog minder dat Ek My hier ophou. Maar daar moet tog voor gesorg word dat hulle met hul gevolg hier onderdak vind. In die stad sal hierdie keer geen woning te vinde wees nie, want die vuur sal die stad baie beskadig, omdat daar by hierdie tempel- en sina-gogebrand, behalwe die tempels en sinagoges, ook enige ander geboue en burgerwoonhuise behoorlik beskadig word. Môre moet ons daarom die hoof koel hou en dit is dus nodig dat mens hom aan alle kante daarop voorberei. Maar wie gaan slaap het, laat hulle slaap; Ek moet egter waak en bid!"

[13] Met hierdie woorde verlaat Ek die geselskap, en gaan verder die berg op om alleen te wees en om My ewige Vadergees inniger te verenig met My hele wese.